- (a) The erf is subject to a servitude, two metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within two metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

### 2. Erven Subject to Special Condition.

Erven Nos. 319, 323 and 325 shall be subject to the following condition.

The erf is subject to a servitude for municipal purposes in favour of the local authority as shown on the general plan.

### 3. State and Municipal Erven.

Should any erf referred to in Clause A5 or any erf acquired as contemplated in Clause B1(ii) and (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall thereupon be subject to such conditions as may be determined by the Administrator.

Administrator's Notice 484

21 March, 1973

## DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Generaal Albertspark Extension No. 1 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

P.B. 4-2-2-3822

## BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN ALBERTON INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN' DIE ORDON-NANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 327 VAN DIE PLAAS ELANDS-FONTEIN NO. 108-I.R., DISTRIK GERMISTON, TOEGESTAAAN IS.

## A. STIGTINGSVOORWAARDES.

## 1. Naam.

Die naam van die dorp is Generaal Albertspark Uitbreiding No. 1.

## 2. Ontwerpplan van die Dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.3053/72.

## 3. Begiftiging.

Die dorpsienaar moet kragtens die bepalings van artikel 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, 'n begiftiging in 'n globale bedrag aan die Transvaalse Onderwysdepartement op die grondwaarde van spesiale woonerwe in die dorp betaal.

## (i) Ten opsigte van Algemene Woonerf.

Die grootte van hierdie grond word bereken deur 15,86 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal woonstleenhede wat in die dorp gebou kan word; elke woonstleenheid moet beskou word as groot 99,1 vierkante meter.

## (ii) Ten opsigte van spesiale woonerwe.

Die grootte van hierdie grond word bereken deur 48,08 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal spesiale woonerwe in die dorp.

Die waarde van die grond word bepaal kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

## 4. Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte.

## 5. Erwe vir Munisipale Doeleindes.

Die applikant moet op eie koste Erwe Nos. 360 en 361 soos op die algemene plan aangetoon as parke voorbehou.

## 6. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes opgelê kragtens artikel 62 van Ordonnansie 25 van 1965, nagekom word: Met dien verstaande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam met regspersoonlikheid te laat berus.

## SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF ALBERTON UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 327 OF THE FARM ELANDSFONTEIN NO. 108-I.R., DISTRICT GERMISTON, WAS GRANTED.

## A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

## 1. Name.

The name of the township shall be Generaal Albertspark Extension No. 1.

## 2. Design of Township:

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.3053/72.

## 3. Endowment..

The township owner shall, in terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of special residential erven in the township.

## (i) In respect of general residential erf:

The area of the land shall be calculated by multiplying 15,86 square metres by the number of flat units which can be erected in the township. Each flat unit to be taken as 99,1 square metres in extent.

## (ii) In respect of special residential erven:

The area of the land shall be calculated by multiplying 48,08 square metres by the number of special residential erven in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

## 4. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

## 5. Erven for Municipal Purposes.

Erven Nos. 360 and 361 as shown on the general plan shall be reserved by and at the expense of the applicant as parks.

## 6. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

## B. TITELVOORWAARDES.

## 1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van:

- (i) die erwe genoem in klosule A5 hiervan;
- (ii) erwe wat deur die Staat verkry word; en
- (iii) erwe wat vir munisipale doeleindes benodig of herverkry word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedkeur het,

is onderworpe aan die voorwaardes hieraan genoem, opgele deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965;

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir rioleringss en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, twee meter breed, langs twee van sy grense, uitgesonderd; 'n straatgrens, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voorname servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word, tydens die aanleg, onderhou of verwydering van sodanige rioolhoofpypeleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstaande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhou, of verwydering van sodanige rioolhoofpypeleidings en ander werke veroorsaak word.

## 2. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf waarvan melding in klosule A5 genaak word of enige erf verkry soos beoog in klosule B1(ii) of enige erf benodig of herverkry soos beoog in klosule B1(iii) hiervan, geregistreer word op naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur bepaal.

Administrateurskennisgewing 485

21 Maart 1973

## ALBERTON WYSIGINGSKEMA NO. 1/78.

Hierby word ooreenkomsdig die bepaling van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Alberton-dorpsaanlegskema No. 1, 1948, te wysig, om ooreën te stem met die stigtingsvoorwaardes en die algemene plan van die dorp Generaal Albertspark Uitbreiding No. 1.

Kaart No. 3 en die skemaklosules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadslerk, Alberton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekerid as Alberton-wysigingskema No. 1/78.

P.B. 4-9-2-4-78

## B. CONDITIONS OF TITLE.

## 1. The Erven with Certain Exceptions.

The erven with the exception of:

- (i) the erven mentioned in Clause A5 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired by the State; and
- (iii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes, provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required.

shall be subject to the conditions hereinafter set forth, imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

## 2. State and Municipal Erven.

Should any erf referred to in Clause A5 or any erf acquired as contemplated in clause B1(ii) or any erf required or re-acquired as contemplated in Clause B1(iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall be subject to such conditions as may be determined by the Administrator.

Administrator's Notice 485

21 March, 1973

## ALBERTON AMENDMENT SCHEME NO. 1/78.

It is hereby notified in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Alberton Town-planning Scheme No. 1, 1948, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Generaal Albertspark Extension No. 1 Township.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Alberton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Alberton Amendment Scheme No. 1/78.

P.B. 4-9-2-4-78

Administrateurskennisgewing 486      21 Maart 1973  
**NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGINGSKEMA NO. 450.**

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Noordelike Johannesburg-streek-dorpsaanlegskema, 1958, te wysig, om ooreen te stem met die stigtingsvooraardes en die algemene plan van die dorp Rivonia Uitbreiding No. 9.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Sandton en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Noordelike Johannesburg-streek-wysigingskema No. 450.

P.B. 4-9-2-116-450

Administrateurskennisgewing 487      21 Maart 1973

#### VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Rivonia Uitbreiding No. 9 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

P.B. 4-2-2-3539

#### BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR MONTPARNASSE INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPS-BEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP DIE RESTANT VAN GEDEELTE 31 VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN NO. 2-I.R., DISTRIK JOHANNESBURG, TOEGESTAAN IS.

#### A. STIGTINGSVOORWAARDES.

##### 1. Naam.

Die naam van die dorp is Rivonia Uitbreiding No. 9.

##### 2. Ontwerpplan van die Dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.4408/72.

##### 3. Strate.

- (a) Die applikant moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot bevrediging van die plaaslike bestuur totdat dié aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur geregtig is om die applikant van tyd tot tyd gedeeltelik of geheel van die aanspreeklikheid te onthef na raadpleging met die plaaslike bestuur.
- (b) Die applikant moet op eie koste alle hindernisse in die straatreserves tot bevrediging van die plaaslike bestuur verwyder.

Administrator's Notice 486

21 March, 1973

**NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME NO. 450.**

It is hereby notified in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Rivonia Extension No. 9 Township.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Sandton and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Northern Johannesburg Region Amendment Scheme No. 450.

P.B. 4-9-2-116-450

Administrator's Notice 487

21 March, 1973

#### DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Rivonia Extension No. 9 Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

P.B. 4-2-2-3539

#### SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY MONTPARNASSE INVESTMENTS (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE REMAINDER OF PORTION 31 OF THE FARM RIETFONTEIN NO. 2-I.R., DISTRICT JOHANNESBURG, WAS GRANTED.

#### A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

##### 1. Name.

The name of the township shall be Rivonia Extension No. 9.

##### 2. Design of Township.

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.4408/72.

##### 3. Streets.

- (a) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the local authority.
- (b) The applicant shall at its own expense remove all obstacles from the street reserves to the satisfaction of the local authority.

#### 4. Begiftiging.

(a) Betaalbaar aan die plaaslike bestuur.

Die dorpseienaar moet, ingevolge die bepalings van artikel 63(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, as begiftiging aan die plaaslike bestuur bedrae geld betaal gelykstaande met 15% van die grondwaarde van erwe in die dorp, welke bedrag deur die plaaslike bestuur aangewend moet word vir die bou van strate en/of stormwaterdreniring in of vir die dorp.

Sodanige begiftiging is ooreenkomsdig die bepalings van artikel 74 van die bedoelde Ordonnansie betaalbaar.

(b) Betaalbaar aan die Transvaalse Onderwysdepartement:

Die dorpseienaar moet kragtens die bepalings van artikels 62 en 63(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 25 van 1965; 'n begiftiging in 'n globale bedrag aan die Transvaalse Onderwysdepartement op die grondwaarde van spesiale woonerwe in die dorp betaal.

Die grootte van hierdie grond word bereken deur 48,08 vierkante meter te vermenigvuldig met die getal spesiale woonerwe in die dorp.

Die waarde van die grond word bepaal kragtens die bepalings van artikel 74(3) en sodanige begiftiging is betaalbaar kragtens die bepalings van artikel 73 van genoemde Ordonnansie.

#### 5. Beskikking oor Bestaande Titelvoorraarde.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorraarde en servitutes, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte, maar uitgesonderd:

(a) Die volgende servituut wat slegs 'n straat in die dorp raak:

"By Deed of Servitude No. 349/1944-S dated the 21st day of February, 1944 and registered on the 9th day of June, 1944, the Electricity Supply Commission have been granted a right in perpetuity to erect a *strut* in support of its existing overhead Power Line and underground cables on the property hereby transferred together with ancillary rights and conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed."

(b) Die volgende servituut wat slegs Erwe Nos. 98, 99 en 116 raak:

"By Notarial Deed No. 161/1953-S dated the 15th day of December, 1952, and registered on the 25th day of February, 1953, the property hereby transferred is subject to a perpetual right of way together with ancillary rights in favour of the City Council of Johannesburg, as will more fully appear from the said Notarial Deed and diagram annexed thereto."

#### 6. Grond vir Munisipale Doeleindes.

Die applikant moet op eie koste die volgende erwe soos aangedui op die algemene plan, aan die plaaslike bestuur oordra vir munisipale doeleindes:

(a) As 'n park: Erf No. 116.

(b) Transformatorterrein: Erf No. 108.

#### 4. Endowment.

(a) Payable to the local authority:

The township owner shall, in terms of section 63(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay to the local authority as endowment sums of money equal to 15% of the land value of erven in the township, which amount shall be used by the local authority for the construction of streets and/or stormwater drainage in or for the township.

Such endowment shall be paid in accordance with the provisions of section 74 of the aforesaid Ordinance.

(b) Payable to the Transvaal Education Department:

The township owner shall, in terms of the provisions of sections 62 and 63(1)(a) of the Town-planning and Townships Ordinance, 25 of 1965, pay a lump sum endowment to the Transvaal Education Department on the land value of special residential erven in the township.

The area of the land shall be calculated by multiplying 48,08 square metres by the number of special residential erven in the township.

The value of the land shall be determined in terms of the provisions of section 74(3) and such endowment shall be payable in terms of the provisions of section 73 of the said Ordinance.

#### 5. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding:

(a) The following servitude which affects a street in the township only:

"By Deed of Servitude No. 349/1944-S dated the 21st day of February, 1944 and registered on the 9th day of June, 1944, the Electricity Supply Commission have been granted a right in perpetuity to erect a *strut* in support of its existing overhead Power Line and underground cables on the property hereby transferred together with ancillary rights and conditions as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed."

(b) The following servitude which affects Erven Nos. 98, 99 and 116 only:

"By Notarial Deed No. 161/1953-S dated the 15th day of December, 1952, and registered on the 25th day of February, 1953, the property hereby transferred is subject to a perpetual right of way together with ancillary rights in favour of the City Council of Johannesburg, as will more fully appear from the said Notarial Deed and diagram annexed thereto."

#### 6. Land for Municipal Purposes.

The following erven, as shown on the general plan, shall be transferred to the local authority by and at the expense of the applicant for municipal purposes:

(a) As a park: Erf No. 116.

(b) Transformer Site: Erf No. 108.

### 7. Slooping van Geboue.

Die applikant moet op eie koste alle geboue geleë binne die boulynreserves, kantruimtes, of oor gemeenskaplike grense, laat sloop tot voldoening van die plaaslike bestuur, wanneer die plaaslike bestuur die vereis.

### 8. Verskuwing van Kraglyne.

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande kraglyne van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie te verskuif, moet die koste daarvan deur die applikant gedra word.

### 9. Nakoming van Voorwaardes.

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes opgele kragtens artikel 62 van Ordonnansie 25 van 1965, nagekōm word; Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en om sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaaam met regspersoonlikheid te laat berus.

## B. TITELVOORWAARDES.

### 1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.

Die erwe met uitsondering van:

- (i) die erwe genoem in klousule A6 hiervan;
- (ii) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en
- (iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry mag word, mits die Administrateur die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedkeur het,

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgele deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 25 van 1965:

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut vir rioleringss en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, twee meter breed, langs slegs een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrēns, soos deur die plaaslike bestuur bepaal.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde servituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goed-dunke noodsaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde servituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

### 2. Staats- en Munisipale Erwe.

As enige erf waarna melding in klousule A6 gemaak word of enige erf verkry soos beoog in klousule B1(ii) en (iii) hiervan, geregistreer word op naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrateur mag bepaal.

### 7. Demolition of Buildings.

The applicant shall at its own expense cause all buildings, situated within the building line reserves, side spaces, or over common boundaries, to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required to do so by the local authority.

### 8. Repositioning of Circuits.

If by reason of the establishment of the township it should become necessary to reposition any existing circuits of the Electricity Supply Commission, then the cost thereof shall be borne by the applicant.

### 9. Enforcement of Conditions.

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance 25 of 1965; Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

## B. CONDITIONS OF TITLE.

### 1. The Erven with certain Exceptions.

The erven with the exception of:

- (i) The erven mentioned in Clause A6 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired by the State; and
- (iii) such erven as may be acquired for municipal purposes, provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required,

shall be subject to the conditions hereinafter set forth, imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 25 of 1965.

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

### 2. State and Municipal Erven.

Should any erf referred to in Clause A6 or any erf acquired as contemplated in Clause B1(ii) and (iii) hereof be registered in the name of any person other than the State or the local authority, such erf shall be subject to such conditions as may be determined by the Administrator.

Administrateurskennisgewing 488

21 Maart 1973

## BRITS WYSIGINGSKEMA NO. 1/28.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedkeuring verleen het om Brits-dorpsaanlegskema No. 1, 1958, te wysig, om ooreen te stem met die stigtingsvooraardes en die algemene plan van die dorp Primindia Uitbreiding No. 22.

Kaart No. 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadslerk, Brits en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Brits-wysigingskema No. 1/28.

PB. 4-9-2-10-28

Administrateurskennisgewing 489

21 Maart 1973

## VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP.

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp Nasaret tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uitengesit in die bygaande Bylae.

PB. 4-2-2-3390

'BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEOPEN DEUR DIE STADSRAAD VAN MIDDELBURG INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 119 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 27) VAN DIE PLAAS MIDDELBURG DORP EN DORPSGRONDE NO. 287-JS, DISTRIK MIDDELBURG, TOEGESTAAN IS.

## A. STIGTINGSVOORWAARDES.

## 1. Naam.

Die naam van die dorp is Nasaret.

## 2. Ontwerpplan van die Dorp.

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.24/72.

## 3. Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, indien enige, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte, maar uitgesonderd: die volgende servitute wat nie die dorpsgebied raak nie:

- (a) "Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas groot as sulks 8694,0978 (agt ses nege vier desimaal nul nege sewe agt) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1372/1959-S geregistreer op 30 Desember 1959, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie om elektrisiteit oor die hiervermelde eiendom te vervoer tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart daaraan geheg.

Administrator's Notice 488

21 March, 1973

## BRITS AMENDMENT SCHEME NO. 1/28.

It is hereby notified in terms of section 89(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved of the amendment of Brits Town-planning Scheme No. 1, 1958, to conform with the conditions of establishment and the general plan of Primindia Extension No. 22 Township.

Map No. 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Director of Local Government, Pretoria, and the Town Clerk, Brits and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Brits Amendment Scheme No. 1/28.

PB. 4-9-2-10-28

Administrator's Notice 489

21 March, 1973

## DECLARATION OF APPROVED TOWNSHIP.

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares Nasaret Township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

PB. 4-2-2-3390

## SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY THE TOWN COUNCIL OF MIDDLEBURG UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 119 (A PORTION OF PORTION 27) OF THE FARM MIDDLEBURG TOWN AND TOWNLANDS NO. 287-JS, DISTRICT MIDDLEBURG, WAS GRANTED.

## A. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT:

## 1. Name.

The name of the township shall be Nasaret.

## 2. Design of Township.

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.24/72.

## 3. Disposal of Existing Conditions of Title.

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding the following servitudes which do not affect the township area:—

- (a) "Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas groot as sulks 8694,0978 (agt ses nege vier desimaal nul nege sewe agt) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1372/1959-S geregistreer op 30 Desember 1959, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie om elektrisiteit oor die hiervermelde eiendom te vervoer tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart daaraan geheg.

- (b) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas Middelburg Dorp en Dorpsgronde groot as sukses 8198,7445 (agt een nege agt desimaal sewe vier vier vyf) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1335/1967-S, geregistreer op 20 Oktober 1967, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg.
- (c) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas, groot as sukses 8005,5945 (agt nul nul vyf desimaal vyf nege vier vyf) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1023/1969-S geregistreer op 7 Augustus 1969, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg.
- (d) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas, groot as sukses 7983,7247 (sewe nege agt drie desimaal sewe twee vier sewe) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 457/1970-S, geregistreer op 11 Junie 1970, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg."
- (b) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas Middelburg Dorp en Dorpsgronde groot as sukses 8198,7445 (agt een nege agt desimaal sewe vier vier vyf) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1335/1967-S, geregistreer op 20 Oktober 1967, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg.
- (c) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas, groot as sukses 8005,5945 (agt nul nul vyf desimaal vyf nege vier vyf) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1023/1969-S geregistreer op 7 Augustus 1969, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg.
- (d) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas, groot as sukses 7983,7247 (sewe nege agt drie desimaal sewe twee vier sewe) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 457/1970-S, geregistreer op 11 Junie 1970, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg."

#### 4. Erwe vir Staats- en Ander Doeleindes.

Die applikant moet op eie koste die volgende erwe soos aangetoon op die algemene plan:—

- (a) aan die bevoegde owerhede oordra vir Staatsdoel-eindes:—
  - (i) Algemeen: Erwe Nos. 337 en 339.
  - (ii) Onderwys: Erwe Nos. 128 en 335.
  - (iii) Poskantoor: Erf No. 338.
- (b) voorbehou vir munisipale doeleindes:—
  - (i) Begraafplaas: Erf No. 3.
  - (ii) As Parke: Erwe Nos. 345 tot 352.
  - (iii) As transformatorterreine: Erwe Nos. 17, 219 en 306.

#### 5. Toegang.

- (a) Ingang van Provinciale Pad No. P49-1 tot die dorp en uitgang uit die dorp tot gemelde pad word beperk tot die volgende punte:
  - (i) die aansluiting van die straat tussen Erwe Nos. 17 en 349 met sodanige pad; en
  - (ii) die aansluiting van die straat noord van Erf No. 347 met gemelde pad.
- (b) Die applikant moet ingevolge Regulasie 93 van die Padordonnansie, 22 van 1957, aan die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement 'n behoorlike geometriese uitlegontwerp (skaal 1: 500) van die ingangs- en uitgangspunte genoem in (a) hierbo, vir sy goedkeuring voorlê. Die applikant moet spesifikasies wat aanvaarbaar is vir die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, voorlê wanneer hy dit vereis en moet die genoemde in- en uitgangspunte op eie koste bou tot bevrediging van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement.

- (b) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas Middelburg Dorp en Dorpsgronde groot as sukses 8198,7445 (agt een nege agt desimaal sewe vier vier vyf) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1335/1967-S, geregistreer op 20 Oktober 1967, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg.
- (c) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas, groot as sukses 8005,5945 (agt nul nul vyf desimaal vyf nege vier vyf) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 1023/1969-S geregistreer op 7 Augustus 1969, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg.
- (d) Die Resterende Gedeelte van genoemde plaas, groot as sukses 7983,7247 (sewe nege agt drie desimaal sewe twee vier sewe) Hektaar is onderhewig aan Notariële Akte No. 457/1970-S, geregistreer op 11 Junie 1970, waarkragtens die reg toegeken is aan die Elektrisiteitsvoorsieningskommisie om elektrisiteit oor die genoemde eiendom te vervoer, tesame met bykomende regte en onderhewig aan kondisies, soos meer volledig sal blyk uit gesegde Akte en Kaart, daarvan geheg."

#### 4. Erven for State and other Purposes.

The following erven as shown on the general plan shall be:

- (a) transferred to the proper authorities by and at the expense of the applicant for State purposes:
  - (i) General: Erven Nos. 337 and 339.
  - (ii) Educational: Erven Nos. 128 and 335.
  - (iii) Post Office: Erf No. 338.
- (b) reserved for municipal purposes:
  - (i) Cemetery: Erf No. 3.
  - (ii) Parks: Erven Nos. 345 to 352.
  - (iii) Transformer sites: Erven Nos. 17, 219 and 306.

#### 5. Access.

- (a) Ingress from Provincial Road No. P49-1 to the township and egress to the said road from the township shall be restricted to the following points:
  - (i) the junction of the street between Erven Nos. 17 and 349 with the said road.
  - (ii) the junction of the street north of Erf No. 347 with the said road.
- (b) The applicant shall at its own expense submit to the Director, Transvaal Roads Department, in terms of Regulation 93 of the Roads Ordinance, 22 of 1957, a proper geometric design layout (scale 1:500) in respect of the ingress and egress points referred to in (a) above, for approval. The applicant shall submit specifications acceptable to the Director, Transvaal Roads Department, when required by him to do so and shall construct the said ingress and egress points at its own expense and to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department.

### *6. Oprigting van Heining of ander Fisiese Versperring.*

Die applikant moet op eie koste 'n heining of ander fisiese versperring oprig tot bevrediging van die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, wanneer deur hom versoek om dit te doen en die applikant moet sodanige heining of fisiese versperring in 'n goeie toestand hou.

### *7. Nakoming van Vereistes van die Beherende Gesag betreffende Padreserves.*

Die applikant moet die Direkteur, Transvaalse Paaiedepartement, tevreden stel betreffende die nakoming van sy voorwaardes.

### *8. Verskuiwing van Kraglyne.*

Indien dit te enige tyd volgens die mening van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie nodig mag wees om die kraglyne van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie te verskuif, moet die koste van sodanige verskuiwing deur die applikant gedra word.

### *9. Nakoming van Voorwaardes.*

Die applikant moet die stittingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en enige ander voorwaardes opgelê kragtens artikel 62 van Ordonnansie 25 van 1965, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtigs te onthef en om sodanige verpligtigs by enige ander persoon of liggaam met regspersoonlikheid te laat berus.

## B. TITELVOORWAARDES.

### *1. Die Erwe met Sekere Uitsonderings.*

Die erwe met uitsondering van:—

- (i) die erwe genoem in klosule A4 hiervan;
- (ii) erwe wat deur die Staat verkry mag word; en
- (iii) erwe wat vir munisipale doeleindeste benodig of herverkry mag word, mits die Administrateur die doeleindeste waarvoor sodanige erwe nodig is, goedkeur het;

is onderworpe aan die voorwaardes hierna genoem, opgelê deur die Administrateur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965:

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings-en ander munisipale doeleindeste, ten gunste van die plaaslike bestuur, twee meter breed, langs net een van sy grense, uitgesonderd 'n straatgrens, soos bepaal deur die plaaslike bestuur.
- (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van twee meter daarvan geplant word nie.
- (c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

### *6. Erection of Fence or other Physical Barrier.*

The applicant shall at its own expense erect a fence or other physical barrier to the satisfaction of the Director, Transvaal Roads Department, as and when required by him to do so and the applicant shall maintain such fence or physical barrier in good order and repair.

### *7. Enforcement of the Requirements of the Controlling Authority regarding Road Reserves.*

The applicant shall satisfy the Director, Transvaal Roads Department, regarding the enforcement of his conditions.

### *8. Deviation of Powerlines.*

If at any time in the opinion of the Electricity Supply Commission, it may become necessary to deviate the power line of the Electricity Supply Commission, the cost of such deviation shall be borne by the applicant.

### *9. Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions imposed in terms of section 62 of Ordinance 25 of 1965: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

## B. CONDITIONS OF TITLE.

### *1. The Erven with certain Exceptions.*

The erven with the exception of:

- (i) The erven mentioned in Clause A4 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired by the State;
- (iii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes, provided the Administrator has approved the purposes for which such erven are required,

shall be subject to the conditions hereinafter set forth, imposed by the Administrator under the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965.

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no largerooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 metres thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

**2. Staats- en Municipale Erwe.**

As enige erf waarvan melding in klosule A4 gemaak is of enige erwe verkry soos beoog in klosule B1(ii) of benodig of herverkry soos beoog in klosule B1(iii) hiervan, geregistreer word in die naam van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Administrator bepaal.

Administrateurskennisgewing 490

21 Maart 1973

**MIDDELBURG-WYSIGINGSKEMA NO. 15.**

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van artikel 89(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrator goedkeuring verleen het om Middelburg-dorpsaanlegskema 1963, te wysig, om ooreen te stem met die stigtingsvoorwaardes en die algemene plan van die dorp Nasaret.

Kaart No. 3 en die skemaklosules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Pretoria en die Stadsklerk, Middelburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Middelburg-wysigingskema No. 15.

PB. 4-9-2-21-15

Administrateurskennisgewing 491

21 Maart 1973

**VERKLARING VAN GOEDGEKEURDE DORP.**

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrator hierby die dorp Middelburg Uitbreiding No. 7 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

PB. 4-2-2-3566

**BYLAE**

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEZOEN DEUR DIE STADSRAAD VAN MIDDELBURG INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELE 120 VAN DIE PLAAS MIDDELBURG DORP EN DORPSGRONDE NO. 287-JS, DISTRIK MIDDELBURG, TOEGESTAAN IS.

**A. STIGTINGSVOORWAARDEN.****1. Naam.**

Die naam van die dorp is Middelburg Uitbreiding No. 7.

**2. Ontwerpplan van die Dorp.**

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.2534/72.

**3. Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes.**

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraalregte, maar uitgesonderd die ser-

**2. State and Municipal Erven.**

